OPTREDE DEUR

Die Staatsveiligheidsraad besluit ook dat die Werkkomitee, op grond van die bestaande strate= gie, op die RSA se verhoudinge met Lesotho moet ingaan en praktiese voorstelle aan die Raad moet voorlê hoe druk deur die hele staatsbestuur, direk en indirek, op Lesotho uitgeoefen kan word. DIE SEKRE= TARIS

AGENDA-ITEM 3 : RHODESIë/ZIMBABWE

Die item staan oor.

5. AGENDA-ITEM 4 : SUIDWES-AFRIKA

Die Voorsitter lig die vergadering in dat, uit waar= nemingswat hy gemaak het, dit vir hom duidelik is dat Brittanje, en in besonder hul Eerste Minister, die vol= gende menings nahou:

(a) Russiese ekspansionisme in Suider-Afrika is 'n wesentlike gevaar. Hulle verwag egter nie direk= te intervensie nie. Dit sal indirek wees by wyse van "proxy" en surrogaatstate. Hieroor is hul Eerste Minister baie bekommerd.

(b) Hoewel Brittanje nie vir die RSA voorspraak in die internasionale wêreld kan maak nie, moet Brittanje bereid wees om met die RSA gesament= like pogings aan te wend om die vrye wêreld te oortuig van die belangrikheid van die voortbe= staan van stabiliteit in Suider-Afrika.

(c) Wat Suidwes-Afrika betref, loop sake na 'n krisispunt.

Die Voorsitter sê voorts dat hy die Britse Eerste Minister laat weet het dat pogings deur gesprek= voering aangewend moet word om te probeer verhoed dat Suidwes-Afrika op die spits gedryf word. Die RSA se probleem is dat die internasionale gemeenskap voortgaan om slegs vir SWAPO as die verteenwoordiger van die mense van Suidwes-Afrika te erken. Hy het weer eens aan die Britte bevestig dat as die RSA 'n keuse moet maak tussen internasionale erkenning vir 'n onafhanklike Suidwes-Afrika en stabiliteit vir die mense van die gebied, hy laasgenoemde sal kies. Hy het aan die hand gegee dat die politieke leiers van Suidwes-Afrika binne die gebied op hoë vlak met die vyf Wesmagte of sekeres van hulle samesprekings voer so= dat laasgenoemde self kan sien wat in Suidwes-Afrika aan die gang is.

Wat ook duidelik uit sy waarnemings blyk, is dat, as dit oor die RSA self gaan, Brittanje bereid sal wees om sanksie-resolusies by die Veiligheidsraad van die VN te veto, maar nie as dit oor Suidwes-Afrika gaan nie.

Die Voorsitter verneem van dr Viljoen hoe die politieke partye in Suidwes-Afrika meer by politieke aksie na buite betrek kan word met die oog op die dreigende VN-sanksies. Moet die leiers nie miskien na Kaapstad gebring word vir samesprekings nie.

Minister R F Botha meld, suiwer vir die rekord en alhoewel hy nie nou so 'n aksie aanbeveel nie, dat hy die dokumente van 1976 opgediep het oor die toenmalige Eerste Minister se samesprekings in Zurich met mnr Henry Kissinger van Amerika en dat daar by die geleent= heid oor 'n sewe-punt-plan ooreengekom is wat onder meer 'n konstitusionele konferensie in Genève in die voor= uitsig gestel het waaraan SWAPO ook, op voorwaarde dat hy in die openbaar geweldpleging afsweer, sou kon deel= neem.

Dr Viljoen meen dat Brittanje en die ander lede van die vyf Wesmagte van oordeel is dat 'n Swart meerderheids= regering in Suidwes-Afrika onvermydelik is en dat hulle niks wil doen wat hul by so 'n regering in diskrediet sal bring nie. Al het hulle dus simpatie met die RSA se standpunt, sal hulle nie 'n vinger verroer om te help nie.

Voorts sê dr Viljoen dat daar by die politieke partye in Suidwes-Afrika wel 'n begeerte is om meer betrek te word, en 'n meer militante houding moet van hulle verwag word. Daar is egter groot bitterheid onder sommige politieke leiers en 'n gevoel van vernedering, veral by die DTA, oor die manier waarop hulle deur die VN han= teer word. Hy is ten gunste daarvan dat die politieke leiers elders heen geneem word vir samesprekings wat terselfdertyd sal dien as 'n spanbou-oefening. Die DTA is tans die meerderheidsparty in die Nasionale Verga= dering en moet as sodanig behandel word, nie op ge= lyke voet met die leiers van klein partytjies nie. Indien die DTA nie besondere prominensie kry nie, sal hy status verloor. Dr Viljoen deel ook mee dat die politieke partye bereid is om met SWAPO te praat oor die hou van 'n verkiesing, maar nie oor 'n konstitusie nie.

Die vergadering bespreek vervolgens die vraag of die RSA in Suidwes-Afrika moet bly, of moet onttrek. Die vergadering is dit eens dat geen onttrekking nou kan plaasvind nie.

Die Voorsitter vestig die aandag van die verandering op die twee dokumente wat as Bylaag 1 met die agenda uitgestuur is, te wete -

(a) Riglyne vir die formulering van 'n Totale Stra= tegie (TS) en voortvloeiende Korttermynstrate= gie (KTS) vir Suidwes-Afrika, wat op 5 Desem= ber 1979 deur die Werkkomitee bespreek en aan= vaar is, en

OPTREDE DEUR

(b) . Nuwe inisiatief vir Suidwes-Afrika, wat deur hom aanvaar is,

en verneem of daar enige beswaar teen die dokumente is.

Enkele wysigings word voorgestel en aanvaar soos by= voorbeeld dat in die dokumente liewer van die meerder= heidsparty in die Nasionale Vergadering as van die DTA gepraat word, en dat die verwysing na Toiva Ja Toiva in paragraaf 7.2 van dokument (b) verwyder word. DIE SEKRE= TARIS

Die dokumente word deur die Staatsveiligheidsraad goedgekeur om die basis te vorm van 'n nuwe korttermyn= strategie vir Suidwes-Afrika. DIE SEKRE= TARIS

In die loop van die bespreking maak dr Viljoen melding van probleme wat amptenare in die noorde van Suidwes-Afrika ondervind en die Voorsitter versoek minister Schlebusch om die Kommissie vir Administrasie (Staats= dienskommissie) hieromtrent in te lig. MINISTER SCHLEBUSCH

'n Algemene bespreking oor Suidwes-Afrika volg waaruit dit blyk dat die mening taamlik algemeen gehuldig word dat 'n verkiesing in Suidwes-Afrika, met of sonder VN-toesig, nie tot Suid-Afrika se voordeel sal wees nie. Dit blyk dat, om die slegterwordende posisie te besleg, 'n oplossing meer in die Afrika gees noodsaaklik is. deteriorating

solution spirit

Die Voorsitter sê dat oorweeg moet word om 'n groep van die meerderheidsparty vir samesprekings na Kaap= stad te bring en dat die saak by die Kabinet verder bespreek sal word, waarna hy weer met dr Viljoen in verbinding sal tree. DIE VOOR= SITTER

6. AGENDA-ITEM 5 : SEMINAAR OOR MAPUTO-HAWE

Saak moet oorstaan.

7. AGENDA-ITEM 6 : FINANSIËLE KREDIETDEKKING KRAGTENS DIE UITVOERKREDIETHERVERSEKERINGSWET : LEWERING VAN SUIKERFABRIEKTOERUSTING AAN MOSAMBIEK ONDER DIE KREDIETLYN VAN R15 MILJOEN

Saak moet oorstaan.

8. AGENDA-ITEM 7 : IMPLIKASIES VAN DIE OPSEGGING VAN DIE DOEANEUNIE-OOREENKOMS VIR DIE RSA

Saak moet oorstaan.

9. VELDTOG VIR DIE VRYLATING VAN MANDELA

Die Voorsitter versoek dat die stuk wat deur Nasionale Intelligensiediens voorberei is, met die notule ver= sprei word (Aangeheg)